# BOEKBESPREKING.

**Ridderbos: Bultmann.** An International Library of Philosophy and Theology. Modern Thinkers. Translated by David H. Freeman — 1960. The Baker Book House, Grand Rapids, Michigan. 46 bl.

Prof. Herman Ridderbos bepaal hom in hierdie geskrif by Rudolf Bultmann as een van die moderne denkers. Bultmann is een van die vernaamste wetenskaplike radikale Bybelkritici in Duitsland. Hy sit die tradisies van die histories-literêre skool en van die godsdiens-historiese benadering van die Nuwe Testament voort, en probeer dit egter te verbind met 'n historiese interpretasie van die Nuwe Testament. Daartoe het hy 'n sg. Entmythologisierung-program vir die Nuwe Testament opgestel. In hierdie program probeer hy om die blywende waarheidskern van die na sy oordeel mitologiese heilsgeskiedenis van die Nuwe Testament te vat. Feitlik kom dit neer op 'n poging om die Nuwe Testament (m.n. Paulus en Johannes) in die sin van 'n bepaalde moderne eksistensie-filosofie (die van Heidegger) te verstaan.

Bultmann se Entmythologisierung van die Nuwe Testament het veral in Duitsland, maar ook daarbuite groot beroering gewek in die teologiese wêreld.

In sy geskrif „Neues Testament und Mythlogie", 1942, het Bultmann die stelling verdedig dat die Nuwe Testament in meer as een opsig 'n mitologiese karakter dra, wat ons nader sal moet interpreteer om sy wesenlike inhoud vir die moderne mens verstaanbaar te laat wees. Die doel is nie om tersyde te stel wat as bybelse mitologie aangedui word nie, maar die doel is om 'n sodanige interpretasie te gee van wat hierdie mite in sy eintlike en wesenlike sin leer verstaan.

Dr. Ridderbos gee ons allereers 'n mooi oorsigtelike kritiek op Bultmann se mitologiese konsepsie van die Nuwe Testamentiese geskiedenis van die versoening. Dan kry ons sy kritiek op Bultmann se eksistensialistiese verklaring daarvan.

P.J.S. de K.